Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
**DIRK POSTMA**

Wees sterk en vol moed

# INFO 1/2025

**17 Januarie 2025**

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

***Prediker 3:1 "Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd."***

Elke ding in hierdie wêreld het sy vaste tyd. Daar is 'n tyd vir bymekaar maak, vir weggooi, vir bou, vir afbreek, vir werk en vir speel. Daar is ook 'n tyd vir nuwe dinge. 2025, 'n nuwe jaar, 'n nuwe skool, 'n nuwe graad, nuwe boeke, nuwe klere, nuwe maats. Wanneer die tyd van nuwe dinge aanbreek, weet ons dat God se tydsberekening hierin volmaak is.

Soms maak nuwe dinge ons baie opgewonde, soms is ons bang vir die nuwe dinge, want dit is onbekend. Vir die nuwe graad 1's is alles nuut, en stap vir stap gaan hul juffrou hul in hierdie nuwe wêreld in begelei. Vir die graad 8's is die hoërskoolfase nuut, tog is dit die regte tyd in jul lewe om hierdie nuwe dinge te ervaar, dit is deel van jul toerustingspad. Vir die nuwe maats vanaf ander skole het daar ook 'n nuwe tyd aangebreek.

Vir drie personeellede is 2025 ook 'n jaar van nuwe dinge, hulle meld vir die eerste keer vir diens by GSDP aan. Die Here het julle, net soos al die ander, ook op 'n bepaalde tyd na hierdie skool geroep. Baie welkom dus aan mev Elske Pretorius, departementshoof by die kleuterskool, me Lara Scheepers, graad 4 – 7 Engels en mev Sanmari Venter, graad 8 Bybel en graad 10 en 11 Besigheidstudies.

Hier het jul as nuwe maats en nuwe personeel die voorreg om vanuit die Woord van die Here toegerus te word om 'n Gereformeerde lewens-en wêreldbeskouing te ontwikkel.

Mag ons vashou aan die goeie gawes wat ons van die Here ontvang, naamlik 'n skool waar ons gevorm en gelei word om God te dien. Waar ouers waak oor die wese van die skool, waar onderwysers hard werk om vir jou die beste te kan gee.

Die Here het 'n tyd bepaal waar julle mag groei, geloofsvrugte mag dra en toegerus word vir onbekende ander nuwe tye in jou lewe.

Januarie is gewoonlik ook die tyd wat matriekuitslae bekend gemaak word. Met groot dankbaarheid in ons harte teenoor die Here mag ons dit vier dat ons vir die 23e agtereenvolgende jaar 'n 100% slaagsyfer het. Boonop het al 18 kandidate ook toelating tot baccalaureustudies. In dieselfde asem wens ons die matrieks van 2025 ook alle sterkte toe op 'n mooi opwindende jaar wat voorlê.

Die komende week is gevul met heelwat aktiwiteite, onthou dus om seker te maak wanneer gebeur wat. Laai gerus die skool se kalender af of besoek ons webtuiste en kliek op "Kalender".

***Vriendelike groete***

Saskia Meijer



## Beplanner


- **17 Jan:** Leierskapkursus Gr. 7
- **18 Jan:** Huissport HS, LS en KS
- **20 Jan:** Inligtingsaand Gr. 4-7
- **21 Jan:** Inligtingsaand Gr. 1-3
- **22 Jan:** Inligtingsaand KS
- **23 Jan:** Inligtingsaand HS
- **23 Jan:** LS Atletiek: Queenswood
- **24 Jan:** Gr. 8-groentjiekonsert: 19:00 by NG Kerk Waverley-Oos
- **24 Jan:** LS Verkope: Veldskool 2025
- **27 Jan:** LS Redenaars Slypskool (Afskop)
- **28 Jan:** LS Atletiek: Die Krans
- **6 Feb:** LS Atletiek: LS Totiusdal

# Matriekuitslae

Met groot dankbaarheid deel ons die goeie nuus dat GSDP deur die genade van die Here weereens 'n **100% slaagsyfer** het. Mag ons aan Hom die dank en eer bring dat Hy ons telkens hierin lei.

**Baie dankie** aan elke onderwyser in GSDP, vanaf die kleuterskool tot matriek, wat bygedra het om ons kinders toe te rus met die nodige akademiese vaardighede om hierdie eksamen met sukses te mag aflê.





# Eerste skooldag

Juf. Sanmari Venter geniet dit reeds



Juf. Lara Scheepers in haar klas





Die nuwe gr. 1's skakel vinnig in.

Juf. Elske Pretorius in haar klas



## Selfoonvrye omgewing

**Onthou die volgende reëlings by die Hoërskool:**

•**Graad 8- en 9'**s handig selfone in **voogperiode** in. Dit word veilig toegesluit en aan die einde van die dag uitgedeel.

•**Graad 10- tot 12's** mag hul fone **afgeskake**l en in hul tas, by hul hou. Geen foon mag tydens periodes, klaswisselings of pouses gebruik word nie. Indien daar bevind word dat hierdie reëling nie vir graad 10 – 12 werk nie, kan dieselfde reëling as vir graad 8-en 9's toegepas word.

•Tydens openinge word daar slegs uit **PSALMBOEKE** gesing.

•Indien leerlinge hul ouers gedurende skooltyd moet kontak, kan hul vir mev. Marion Boersema in die **kantoor**, of hul **voogonderwyser**, vra om die ouers te skakel.

•Indien 'n leerling nie sy selfoon inhandig nie (graad 8 en 9), of sy foon gebruik tydens skooltyd (graad 10 tot 12), sal die selfoon **gekonfiskeer** word, en die leerling sal die nodige straf ontvang. Die ouer/s sal dan die selfoon by die kantoor moet kom afhaal, en 'n R100 **boete** betaal.





## Sluitkassies

Ons is baie dankbaar vir die ruim skenking van **nuwe sluitkassies**. Die sluitkassies sal vanaf **Maandag, 27 Januarie** beskikbaar wees teen **R50 huurfooi** per jaar. Die skool sal kombinasieslotte voorsien vir die kassies (die slotte bly die skool se eiendom).

**Hoërskoolleerlinge** kan nou reeds hul sluitkassies by mev Marion Boersema bespreek. **Laerskoolleerlinge** sal volgende week 'n skrywe ontvang met die reëlings.

# Groentjiekonsert

**Datum:** Vrydag, 24 Januarie 2024
**Tyd:** 19:00
**Plek:** NG Kerk Waverley-Oos

## Snoepiekaarte

Leerlinge kan **D6-snoepiekaarte** teen **R40** by mev. Marion Boersema koop. Die snoepie is **kontantloos** so maniere van betaling is met die D6-kaarte, asook 'n bankkaart. Geen betaling kan met 'n **selfoon** gemaak word nie.



# Redenaars


**Afskop: Maandag, 27 Jan.**

**Slypskool**
**Wie?** Gr. 1-7 met 'n ouer
**Plek:** B10 (Juf. Mart-Mari se klas)
**Tyd:** 13:45 - 15:00

**10 Feb: Interne redenaars**
Onderwerpe volg.

Indien jy belangstel, sluit asb. by die **REDENAARS-groep** op die GSDP-gemeenskap aan.

# AdMaths




$$R = \sqrt{A^2 + B^2 + 2AB\cos\theta}$$

$$\tan a = \frac{B\sin\theta}{A + B\cos\theta}$$

$$x = \frac{-b \pm \sqrt{b^2 - 4ac}}{2a}$$

$$\sin^2 A + \cos^2 A = 1$$

'n Hele klompie **gr. 8 -11** -leerders het koeverte van **AdMaths** ontvang. Indien u belangstel in wat hulle aanbied, kontak hulle asseblief direk of skakel **juf. Wenny Bouwmeester** vir meer inligting.

AFRIKAANS AMPTELIK 100



## Word deel van ons dramagroep

**Afrikaans** is amptelik **100 jaar** in 2025 en daarom kan ons hierdie jaar ook in ons **DRAMAGROEP** woeker met ons taal!

**Hoërskoolleerders**, ons nooi julle uit om deel van die groep te word.

Sluit vandag nog aan, want **22 Mei** is die amptelike fees en dan moet ons gereed wees om op te tree. Gee jou naam op by juffrou Isabel en kom tree **Maandag, 20 Januarie om 14:00** aan vir jou eerste dramaklas.


**Gr. 8's** kan na afloop van die **groentjiekonsert** aansluit. **Dit is gratis, maar onthou om professioneel te kan optree, verg toewyding!**

### Baie geluk!

**Shelanti Kotzé** het in Desember 2024 aan die **SA-Jukskeikompetisie** deelgeneem.

Sy is hierna gekies vir die SA Junior Kampioenskappe Proefspanne Akademie Meisiesspan 3.

## Sport




### Atletiek:

Die **Maragon-byeenkoms** vind op **Vrydag, 7 Februarie** 2025 te Maragon plaas. Meer inligting volg.

### Netbal

**Netbaloefening** begin **Dinsdag, 11 Februarie 2025 om 14:30**. Alle meisies is welkom!

**Vriendskaplike netbalwedstryd** – Donderdag, 27 Februaire 2025 teen **HTS John Vorster** op Dirk Postma se bane.

kleur.
Boutique

Specializing in:

Designer Formal Wear
Men Suites
Special Occasion Wear
Mother of the Bride | Matric Farewell
**Exclusive Stockist of Anabel Nox**

**To Book:**
**Lisa Roux 072 402 0307**

www.kleurboutique.co.za

PREMIUM QUALITY
labels4school™
.co.za

Labels4School is partnering with Gereformeerde Skool Dirk Postma to provide parents with quality, personalised labels that last.

## Get 15% off EVERYTHING on our website




## Use this discount code at checkout

## **“DirkPostma15”**

## Visit www.labels4school.co.za

Free delivery for orders over R750
* Pargo Click and Collect for R65,
* Home delivery (Main Areas) for R75 or
* Home delivery (Outlying Areas) for R99

*Discount valid for Dirk Postma Skool parents only.*


www.l4s.co.za

# BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek
saam met **GSDP**!

Wees sterk en vol moed




Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.
**'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.**




Bestellings kan elke **eerste Vrydag** van 'n maand by die skool afgehaal word.

GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED

Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120


**https://wenwetenskap.co.za**

**Helena - 0845103373**

**hverwey@absamail.co.za**

# Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

**GSDP-SKOOLFONDS**

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My School

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

